



GOD SE LIEFDE

Christene is blye mense

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God se liefde vir hulle dankbaarheid bring, en dankbaarheid bring blydskap.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- wat dit beteken om jousef aan God as 'n offer te gee wat vir Hom heilig en aanneemlik is.
- dat God se liefde van hulle dankbare en lewensblye mense sal maak.

Gesindheid

Die kinders moet ervaar –

- dat dankbaarheid hulle aanspoor om God te verheerlik.
- dat die lewe van die gelowige 'n lewe van blydskap behoort te wees.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- in staat wees om vir iemand te vertel wat 'n Christen anders as 'n ongelowige maak.

MEER INLIGTING (Handelinge 4: 32-37; Romeine 12; 1 Korintiërs 12; Psalm 100; Johannes 15: 9-17)

Die wêreld rondom ons is vol ongelukkige mense. Ook lidmate van die kerk, gelowiges, is soms ongelukkig. Sommige mense dink dat God net eise aan ons stel en 'n klomp reëls en regulasies aan ons gee om na te kom. Daarom meen hulle dat die tien gebooie slegs aan ons verduidelik wat God van ons verwag. Die tien gebooie en al die ander dinge waaroor ons in die Bybel lees, word gebruik om ons te dwing om op 'n sekere manier te leef. Die nakoming van

hierdie wette kan vir ons die lewe moeilik maak en ons ook ongelukkig laat voel – so redeneer hulle.

Die oomblik as ons besef dat Jesus Christus vir ons sondes aan die kruis betaal het, sal die tien gebooië en al die dinge wat Jesus self van ons verwag, nuwe betekenis in ons lewens kry. Wanneer ons besef dat Jesus Christus vir ons sondes aan die kruis betaal het, kom ons agter dat God nie eise stel nie maar sondaars verlos.

Na die uitstorting van die Heilige Gees is die Goeie Nuus oor Jesus Christus verkondig. Die dissipels, nou apostels genoem, het begin vertel en leer waarom Jesus aan die kruis moes sterf en uit die dood opgestaan het. Van die mense het verstaan dat dit alles deel van God se plan was om sondaars van God se straf te red. Hierdie eerste groep gelowiges het bymekaargekom, en so ontstaan die eerste gemeente in Jerusalem. Later is gelowiges die kerk genoem. Die woordjie *kerk* beteken *hulle wat aan God behoort*. Die Heilige Gees het in die kerk gewerk. Die kerk is lewend. Dit is die plek waar God besig is met mense, en ons is deel van die kerk. Die kerk kan nooit iets wees waar daar niks gebeur nie.

Die apostel Paulus gebruik 'n beeld om aan ons te verduidelik wat die kerk is en behoort te wees. Hy noem die kerk die liggaam van Christus. So is Jesus deur die werking van die Heilige Gees die Hoof van die kerk, en ons ledemate van sy liggaam. Jesus Christus lewe, en die Heilige Gees gee deur sy kragtige werking aan ons nie net geloof in die sterwe en opstanding van Jesus Christus nie, maar ook die gawes om waarlik kinders van God en ledemate van sy liggaam te wees. Ons word almal saamgebind deur God se liefde. Nou kan ons God elke dag met oorgawe saam dien omdat ons dankbaar is vir die verlossing wat ons ontvang het. Dankbaarheid bring blydskap, en ons kan selfs uitsien na die wederkoms van Jesus.

Dit is presies wat ons in die vroeë kerk raaksien. Na die uitstorting van die Heilige Gees het baie mense hulle by die kerk gevoeg en kry 'n mens daar die gevoel van algehele samehörigheid. Hulle het nie net in Jesus Christus geglo nie, maar elke dag hierdie geloof ook met mekaar gedeel. In Handeling 4: 32-37 sien ons dat hulle absoluut die seën en genade van God in hul lewens ervaar het. Hul geloof in Jesus as Redder en Verlosser was vir hulle so belangrik dat hulle alles wat hulle gehad het, beskikbaar gestel het vir God se werk.

Paulus doen in Romeine 12 'n beroep op die gelowiges dat hulle aan God 'n offer moet bring. In die Ou Testament lees ons dat die Israeliete 'n dier aan God geoffer het om daarmee hul sondeskuld aan die Here te betaal. Die offerdier is in die plek van die sondaar doodgemaak. So kon jy jou vrypraak op 'n manier koop. Jesus Christus sterf in ons plek en betaal ons sondeskuld by God vir altyd. Daarom is ons nou vry om God met oorgawe te aanbid. Die offer wat 'n Israeliet moes bring, moes die beste wees wat hy of sy kon bekostig. Ons offer aan God behoort daarom die beste te wees van alles wat ons het. God wil nie 'n dier in ons plek as offer hê nie, Hy wil óns as lewende en heilige offers hê. Ons moet deur dit wat ons dink, doen en sê, bewys dat ons dankbaar teenoor God is. Dankbaarheid bring altyd blydskap. Wanneer ek probeer om na die beste van my vermoë te doen wat Jesus van my verwag, doen ek dit om dankie te sê en nie omdat ek bang is dat God my sal straf nie. As ek die tien gebooië probeer nakom, wys ek deur my manier van lewe aan God dat ek dankbaar is omdat Hy my liefhet. Op dié manier is ons deur ons daad uit dankbaarheid heilige en lewende offers.

Alles van hierdie wêreld wat ons aandag van God in die eerste plek aftrek en keer dat ons volkome in diens van Hom staan, moet ons tweede stel, sodat daar niks is wat ons verhinder om lewende en heilige offers vir God in die wêreld te wees nie. Ons moet ophou om net vir die

wêreld te leef asof net dit belangrik is, en ons lewe eerstens inrig om tot eer van God te lewe. Dit is alleen moontlik as 'n mens deur die genade van God verander word, met ander woorde, as die Heilige Gees besit en beheer van jou lewe neem, sodat jy nie meer net aan jouself dink nie, maar meer aan God en sy dienswerk.

Om as 'n heilige en lewende offer voor God te leef, is nie maklik nie. Dit gebeur ook nie oornag nie. Dit verg oefening en volharding. Wanneer ek leer om meer te gee as wat ek ontvang, sal ek met blydschap geseën word. Wanneer ek die liefde wat ek van Christus ontvang aan die mense in die kerk en ook buite die kerk uitdeel, sal ek opregte blydschap ervaar. Dit hoef ek nie op eie krag te doen nie, want God gee aan my die krag deur die Heilige Gees. Indien ek vandag misluk, kan ek my skuld bely en môre weer van nuuts af begin.

Selfs wanneer ek sonde doen en berou daarvoor het, weet ek die Here sal my vergewe. Dit bring dankbaarheid in my lewe, en dankbaarheid bring blydschap. Jou lewe verander van 'n lewe vir jouself na 'n lewe tot eer en verheerliking van God en in diens van ander mense. In die plek van woede, haat, nyd, 'n gevloek, vuil taal en leuens kom liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, nederigheid, getrouheid en selfbeheersing (Gal 5: 19-22).

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 271 as gebed:

*Heil'ge Jesus, wat my lewe
wil heilig – hart en wil en rede –
hoe heerlik is u heiligheid!
U is ver bo ons verhewe,
deur majesteit en lig omgewe.
U is volmaak in heiligheid.
O Heer, so onbesmet, U is my Hoof en Wet.
Heil'ge Jesus, o heilig my, staan U by my
om hart en handel U te wy.*

*Heil'ge Jesus, hoor my bede:
Hervorm my hart, my krag, my rede;
maak my al meer u beeld gelyk.
Vorm my wil en ook my wandel,
dat in my denke, spreke, handel
in alles slegs u beeld sal blyk.
Herskep opnuut, o Heer, my lewe tot u eer.
Heil'ge Jesus, o heilig my, wil U my lei
om my geheel aan U te wy.
Amen.*

HET HULLE GEDOEN EN KAN HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of elke kind een of twee mense kan noem wat gereeld aan hom of haar liefde betoon. Vra ook dat hulle moet sê waarom en op watter wyse aan hulle liefde betoon word.
- Gee die kinders die geleentheid om 'n kort bespreking te voer oor al die geleenthede wat hulle het om aan alle mense liefde te betoon.
- Laat een of twee die kort paragraaf wat hulle gaan skryf het oor hoe jy jou vyand kan liefhê, voorlees, en bespreek dit.
- Kontroleer of die kinders –
 - o 1 Johannes 4: 10 ken: *Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.*
 - o die volgende stelling ken: *As jy sê dat jy God liefhet maar in vyandskap met iemand anders leef, is jy 'n leuenaar.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Laat die kinders die volgende stellings bespreek:

- 'n Christen lyk anders as 'n ongelowige.
- 'n Christen moet altyd lag en vrolik wees.

IETS INTERESSANT

Aan die hand van bogenoemde bespreking, gebruik die besonderhede by MEER INLIGTING en vertel hoe ons as Christene blye mense kan wees. Beklemtoon die gedagte van heilige en lewende offers. Verduidelik dat dit nie beteken dat ons nie soms hartseer, bang of bekommerd mag wees nie. Laasgenoemde gebeur met ons, maar ons vra God om dit weg te neem of ons krag te gee om dit te verduur.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by hulle in:

- Die wêreld rondom ons is vol ongelukkige mense.
- Ook gelowiges is soms ongelukkig.
- Sommige mense dink dat God net eise aan ons stel, en dit maak hulle ongelukkig.
- Die oomblik as ons besef dat Jesus Christus vir ons sondes aan die kruis betaal het, kom ons agter dat God nie eise stel nie, maar sondaars verlos – dit maak ons gelukkig.
- Na die uitstorting van die Heilige Gees is die Goeie Nuus oor Jesus Christus verkondig.
- Die Heilige Gees het in die kerk gewerk en dit lewend gehou.
- Die apostel Paulus noem die kerk die liggaam van Christus en ons ledemate van sy liggaam.
- Jesus Christus lewe, en die Heilige Gees gee deur sy kragtige werking aan ons die gawe om goeie dade te verrig.

- Jou lewe verander van 'n lewe vir jouself na 'n lewe tot eer en verheerliking van God en in diens van alle mense.
- In die plek van woede, haat, nyd, 'n gevloek, vuil taal en leuens kom liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, nederigheid, getrouheid, goedhartigheid en selfbeheersing (Gal 5: 19-22).

IETS OM TE DOEN

Die kinders lees Psalm 100 en Johannes 15: 9-17 op hul eie en beantwoord die volgende vrae skriftelik. Bespreek die antwoorde sodra hulle klaar is, en gee die antwoorde hieronder waar nodig.

Psalm 100

- Hierdie psalm is waarskynlik deur die priesters op die tempeltrappe gesing. Die mense word opgeroep om die Here God te dien. Om die Here te dien, is 'n saak van blydschap, daarom moet alle mense juig. Hoe dien jy die Here tydens die erediens met blydschap?
 - o *Ons dien die Here in die erediens deur lofsange en ander psalms en gesange te sing.*
 - o *Ons aanbid Hom deur aandagtig te luister as die predikant bid en in ons harte saam te bid.*
 - o *Ons bely met blydschap ons geloof.*
 - o *Ons hoor met blydschap die genadeverkondiging.*
 - o *Ons luister aandagtig na die preek en is dankbaar oor ons verlossing.*
 - o *Ons gee ons dankoffers met blydschap by die deure sodat die diakens die geld kan gebruik vir dienswerk en hulp aan mense in nood.*
- Om die Here te dien, is ook 'n saak van belydenis deur te erken dat die Here die enigste ware God is. Wat vertel Psalm 100 ons oor die mens, God en liefde?
 - o *Alle mense behoort God te loof en Hom met blydschap te dien, te erken dat Hy God is, en te jubel.*
 - o *Elkeen van ons is deur die Here gemaak, en daarom behoort ons aan Hom.*
 - o *Wanneer gelowiges bymekaarkom, of dit nou in die kerk of op enige ander plek is, moet ons almal saam God dank, sy Naam prys en dankliedere sing.*
 - o *Die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie. Sy liefde is vir geslagte tot geslagte, dit wil sê, vir oud en jonk, want almal behoort aan Hom.*

Johannes 15: 9-17

- Verduidelik wat jy van Jesus se opdrag aan ons in verse 9 en 10 verstaan. Sy opdrag is dat ons aan mekaar liefde moet bewys soos Hy liefde aan ons bewys het.
- Watter vrugte van liefde, dankbaarheid en blydschap kan jy dra?
 - o *Liefde: Gehoorsaam aan God en my ouers; deur aan alle mense respek te betoon; deur my gesinslede maar ook alle ander mense te help; ensovoorts.*
 - o *Dankbaarheid: My dankoffer vir God gee; hulpbehoewende mense help; vir my ouers, vriende en onderwysers dankie sê; ensovoorts.*
 - o *Blydschap: Met blydschap sing in die erediens; nie met 'n dik mond en lang gesig rondloop nie; glimlag; ensovoorts.*

- Ek moet gehoorsaam aan God lewe. Hoe sal ek gehoorsaamheid aan die Here kan utoileef terwyl ek –
 - o saam met my maats kuier?
 - o aan sport deelneem?
 - o in een huis saam met my ouers leef?
 - o my huiswerk doen en vir die eksamen voorberei?
- *Laat die kinders hul antwoorde met mekaar deel. Gee leiding waar nodig. Die kinders moet tot die besef gelei word dat wat ek ook al doen of waar ek ook al is, ek tot eer van God kan optree en sy liefde met blydskap kan utoileef. Ek moet juis aan ander wys dat om 'n kind van God te wees 'n voorreg is.*

BYBELSTUDIE

Kolossense 3: 16-17: *Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.*

Laat die kinders kyk hoeveel woorde van hierdie teksgedeelte hulle in die woordkaart vind.

f	g	h	j	k	l	q	w	e	r	t	y	u	i	p	o
g	o	b	e	a	h	l	i	e	d	e	r	e	e	i	d
i	g	z	b	t	p	f	g	h	j	k	r	l	s	m	a
v	r	u	g	o	e	f	g	h	k	a	j	f	d	f	n
d	i	n	g	y	o	f	d	m	a	n	f	f	k	w	k
y	b	v	o	o	n	d	e	r	r	i	g	n	e	e	b
n	p	b	t	f	s	d	s	n	f	x	e	f	i	e	a
y	s	l	j	m	k	n	g	k	c	k	e	n	f	d	a
h	a	l	o	e	a	h	t	h	a	r	t	e	k	g	r
y	l	j	k	f	h	g	h	e	g	p	r	f	m	u	h
r	m	k	l	n	g	n	g	b	v	v	f	d	d	g	e
b	s	a	h	t	h	e	u	l	n	e	s	s	r	y	i
d	e	l	y	b	g	e	s	a	n	g	e	a	t	u	d
r	d	o	o	d	c	m	k	a	t	u	g	w	y	p	d
y	u	p	r	v	x	b	e	a	n	t	h	e	u	l	n
e	v	a	d	e	r	g	r	l	t	g	h	g	e	d	a
f	r	u	w	t	r	g	e	n	a	d	e	t	y	r	t
t	p	s	i	e	v	k	a	j	r	s	m	y	b	i	s
e	i	e	v	b	e	a	h	t	h	e	u	l	n	h	p
u	r	J	c	f	m	c	v	b	n	p	l	e	w	e	o

BY DIE HUIS

DOEN

Laat die kinders –

- gedurende die week aanteken waar en wanneer dit aangenaam was om as 'n Christen

op te tree, en waar en wanneer dit moeilik was. Hulle skryf hulle antwoorde by Les 4 neer.

- vertel met wie hulle gepraat het oor wat 'n Christen anders as 'n ongelowige maak.

LEER

Die kinders gaan leer –

- die woorde van Kolossense 3: 16-17: *Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.*
- die volgende feite:
 - o As ons besef dat Jesus Christus vir ons sondes aan die kruis betaal het, leer ons dat God nie eise stel nie, maar sondaars verlos – dit maak ons gelukkig.
 - o Die Heilige Gees gee deur sy kragtige werking aan ons die gawe om goeie dade te verrig.
 - o Jou lewe verander van 'n lewe vir jouself na 'n lewe tot eer van God en in diens van alle mense.
 - o In die plek van woede, haat, nyd, 'n gevloek, vuil taal en leuens kom liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, nederigheid, getrouheid, goedhartigheid en selfbeheersing (Gal 5: 19-22).

Herinner hulle om –

- **volgende week hul ouers saam te bring klas toe.**
- **volgende keer tydskrifte, skêre en gom saam te bring klas toe.**

AFSLUITING

Laat een van die kinders Psalm 100 uit die nuwe Liedboek voorlees, en sluit dan af met gebed.

*Juig almal tot Gods lof en eer,
kom dien met blydschap God die Heer.
kom met gejubel voor Hom saam
en dank en loof Hom, prys sy Naam.*

*Erken dié God en sy gesag.
Hy hou oor ons, sy kudde, wag.
Laat ons as volk die Heer aanbid.
Hy't ons gemaak as sy besit.*

*Gaan by sy tempel in en sing
en bring jul dank met jubeling.
Sy goedheid, liefde en sy trou
sal Hy vir altyd onderhou.*